LANDBOU BEMAGTIG ELIM GEMEENSKAP

EMBARGO: 10 SEPTEMBER 2007 10H00

TOESPRAAK DEUR COBUS DOWRY MINISTER VAN LANDBOU IN DIE WES-KAAP -
OPENING VAN ELIM MELKERY PROJEK 10 SEPTEMBER 2007

Soos altyd is dit vir my * voorreg om op plekke te kom waar die Departement van Landbou in die Wes-Kaap intens betrokke is by ons mense wat voorheen nie deel was van Landbou anders as om net maar gewone werkers te wees en nie die hoop gehad het om eendag ook as volwaardige boere * lewe te maak uit Landbou nie.

Dit is nog lekkerder as ek weet dat dit nie net die regering is wat by projekte betrokke is om die ongelykhede van die verlede uit te wis nie, maar dat kommersiële boere en georganiseerde landbou en privaat instansies, almal betrokke is om seker te maak dat ons * vennootskap het wat werk en wat toesien dat bemagtiging in Landbou in die Wes-Kaap volhoubaar plaasvind.

Ek is absoluut oortuig daarvan dat hierdie projek * sprekende voorbeeld hiervan is.
Die Elim Melkery projek het sy ontstaan te danke aan die Elim gemeenskap se behoefte om natuurlike hulpbronne tot hul beskikking optimaal te benut. So is daar 5 jaar gelede * melkery op Elim geïdentifiseer en is die Dept. van Landbou in die Wes-Kaap genader om met die beplanning van die melkery te begin. Daarna moes die skep van die nodige infrastruktuur kom en uiteindelik moes die produksie eenheid behoorlik in werking gestel word.

Soos dit soms maar gaan het skepping van die infrastruktuur langer as die beplande skedule geneem en is daar besluit om na strategiese vennote te soek om te help met die inwerkingstelling van die produksie eenheid
Die vennootskap wat uit hierdie behoefte gebore is, bestaan uit * groot verskeidenheid van rolspelers naamlik:

1.. Elim Gemeenskap
2.. Die Dept. van Landbou in die Wes-Kaap, met verskeie van ons programme en amptenare van die Departement
· 3.. Agri Mega in * fasiliterende hoedanigheid
4.. Overberg Distrikslandbou Vereniging * wat kommersiële boere in Overberg verteenwoordig.
5.. MPO - CENDEL -Beskikbaar stelling van Mentor asook befondsing van Melk SA

6.. Insetkoste verskaffers wat bestaan uit Overberg Agri - Landbou Besigheid, die Veevoer Maatskappy * Meadow, die Chemiese Maatskappy Terrason, Kunsmis verskaffer- Omnia, Erasmus Petroleum wat Brandstof voorsien en die maatskappy wat drade en pale verskaf - Cape Gate. So u sien dat daar * groot aantal rolspelers is wat 100% aan die projek verbind is.
Hoewel die projek aanvanklik stadig begin het, is daar uitstekende vordering oor die afgelope 6 maande gemaak.
Ek glo die projek bevat al die elemente om * sukses te maak. Dit het al die bestanddele van n suksesvolle boerdery.
Daar is n behoorlike opgedateerde besigheidsplan saamgestel waarmee aansoek gedoen is vir befondsing vanuit die Departement se CASP Program. Die oogmerk is om met 40 koeie te begin en uiteindelik met 500 koeie as * volwaardige besigheidseenheid te opereer.

Daar is twee besigheidsentiteite geskep. Een waarin die melkery gesetel sal wees en tweede waarin koeie wat ingehuur sal word, opgeneem sal word. Albei gevalle met volwaardige direksies.

Ons glo dat die projek homself daartoe leen vir uitstekende toepassing van SEB-binne Landbou en spesifiek ten opsigte van:
Die fasilitering van spesiaal gestruktureerde lenings deur banke waardeur die opkomende gemeenskap melkkoeie kan aankoop. Hierdeur kry die gemeenskap die geleentheid om volwaardig tot landbou toe te tree soos enige kommersiële boer.
Suiwel sal as gesonde voedsel direk in opkomende markte se huise ingedra word deurdat hulle eienaarskap opgeneem het en op die manier kan Suiwel deel wees van die Regering se strewe om d.m.v. sy ASGISA-program 6% groei in die Ekonomie te laat plaasvind.

Kommersiële suiwelprodusente kan volgens die unieke konsep ook koeie verhuur aan die projek en daardeur punte op hul SEB-telkaart kan verwerf. Werkers van suiwelprodusente kan deur middel van * lening of deur * skenking van die werknemer beeste verhuur aan die Elim projek.

Ons skep dis hier * unieke geleentheid vir verskeie rolspelers binne Landbou om deel te hê aan die bemagtigingsprosesse van die Regering

Dit is vir my n voorreg en ek is opgewonde oor die feit dat ek kan aankondig dat die projek op 6 September 2007 sy eerste beeste van die Departement van Landbou in die Wes-Kaap ontvang het. Ons het 30 Jersey Stoetbeeste vir die projek aangekoop van die Outeniqua kudde van die Departement.
Ek noem graag vir u wat die Departement se direkte en indirekte bydrae

tot die projek beloop.
Die koste van die koeie is R2535 elk wat n totaal van R76050 beloop.
Die koste van die melkstal is R920 000 en die Melkmasjien kos R160 000.
Die Besproeiingstoerusting wat reeds geïnstalleer is beloop tot op datum R 400 000.
Addisionele fondse vir vestiging van weidings en afronding van die melkstal waarmee reeds begin is, beloop R250 000 (sluit in R100 000 vir aankoop van nog beeste hierdie jaar)

Ons het ook R700 000 aan CASIDRA oorgedra vir addisionele kapitaal items soos store, kalwerhokke, implemente ensomeer, wat ook in hierdie jaar gespandeer sal word.

Ons Program: LandCare het tot op datum R1,543 miljoen gespandeer binne Elim aan arbeid, kontoere, en omheinings, kontrakteurs, ensomeer.

Daar bestaan heelwat landbou-ontwikkelingsgeleenthede op Elim maar die meeste daarvan het water nodig. In die verlede is daar oppervlakkig gekyk na die beskikbaarheid van water op Elim, maar tye het verander en so ook ons land se wette. Die nuwe nasionale Waterwet 1998, het ander bepalings oor watergebruik as wat vantevore gegeld het.
Gevolglik gaan my departement nou *n volledige ondersoek loods na die ontwikkeling van die waterbronne beskikbaar vir Elim en die infrastruktuur wat daarvoor benodig word. Daar word beplan dat die studie *n jaar sal neem om te voltooi en behoort teen hierdie tyd volgende jaar afgehandel te wees.*

Programdirekteur, ek wil afsluit deur vir u te sê dat met die opening van die melkstal het die Elim Gemeenskap nou die kans om volwaardig deel van Landbou te word. Hierdie is n geleentheid wat deur die regering geskep word om aan u te sê dat ons ernstig is om die ongelykhede van die verlede uit te wis. Ons wil hê dat u volwaardige deelnemers aan die ekonomie van die Land moet wees en dat u werklik moet voel soos ware huisgenote in die tuiste vir almal war deur die ANC regering in die Wes-Kaap gevestig word.

Ek wil my dank aan al die rolspelers betuig vir die toewyding aan die projek, nie omdat u gedwing voel nie, maar omdat u glo dat dit die regte ding is om te doen deur ook aan ander die geleentheid te bied wat vir baie jare van hulle ontneem is. Ek wil u alle voorspoed toewens en vir u die versekering gee dat ons u vordering met belangstelling sal dophou.

NAVRAE: ALIE VAN JAARSVELD
084 604 6701

Alie van Jaarsveld
Spokesperson
Ministry of Agriculture: Western Cape
Tel: (021) 483 4930
Fax: (021) 483 3890
Cell: 084 604 6701
E-mail: avjaarsv@pgwc.gov.za

A Home for All ~ 'n Tuiste vir Almal ~ iKaya Lethu Sonke
www.capegateway.gov.za